NASIONALE BYBELVASVRA: REGLEMENT

1. NAAM

Die Rapportryerbeweging se Nasionale Bybelvasvra – hierna genoem die Bybelvasvra.

2. DOELSTELLINGS

- Bevordering en handhawing van die jeug se liefde vir die Bybel en Bybelstudie.
- Bevordering van die jeug se kennis en hanteringsvermoë van die Bybel.
- Bevordering van die jeug se kommunikasievermoë.
- Bevordering van die jeug se samewerkingsvermoë.
- Bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur.

3. AANBIEDING

Die Bybelvasvra word deur die Bybelvasvrakomitee in opdrag van die Rapportryerraad aangebied.

4. INSKRYWINGSGELD

4.1 Inskrywingsgelde word jaarliks gehef soos deur die Rapportryerraad goedgekeur.

4.2 Inskrywingsgelde moet die inskrywingsvorm vergesel.

4.3 Geen inskrywingsgelde is terugbetaalbaar nie.

5. INSKRYWINGSREËLS

5.1 Slegs leerders seuns en/of meisies tot en met Graad 7 mag inskryf.

5.2 ‘n Span bestaan uit vier (4) leerders van ‘n skool, gemeente of ander instansie, soos ‘n kinderhuis en slegs spanne wat ingeskryf is mag deelneem.

5.3 ‘n Leerder mag slegs in EEN span deelneem, en wel vir die span waarvoor die leerder ingeskryf is.

5.4 Deur inskrywing onderwerp skole, gemeentes, instansies, spanne en deelnemers hulle aan hierdie reglement, reëls, regulasies, reëlings, organisasie, pryse en alle verordeninge wat in

besonder, of in die algemeen behoudens die toesig en bevoegdhede van die Rapportryerraad, deur die Bybelvasvrakomitee vir die Bybelvasvra voorgeskryf word.

6. PRYSE

6.1 Pryse word jaarliks deur die Bybelvasvrakomitee bepaal.

6.2 Geen deelnemer, span, skool, gemeente instansie of kinderhuis het enige aanspraak op ‘n prys voordat die prys nie amptelik oorhandig of gewen is nie.

6.3 Die Bybelvasvrakomitee behou hom die reg voor om te eniger tyd enige prys tot niet te verklaar of te wysig.

7. AARD VAN DIE BYBELVASVRA

7.1 Die Bybelvasvra word oor twee (2) uitdunrondtes, met spesifieke voorgeskrewe skrifgedeeltes, en een (1) finale rondte beslis.

7.2 Die tien (10) spanne met die hoogste punte na afloop van die twee (2) uitdunrondtes, sal aan ‘n finale rondte deelneem.

7.3 Die Bybelvasvrakomitee sal, sodra die inskrywings sluit, bepaal waar uitdunrondtes sal plaasvind.

7.4 Alle skriftelike besware en /of aanbevelings aan die Bybelvasvrakomitee sal beantwoord word.

8. BEAMPTES

Die Bybelvasvrakomitee sal, waar nodig, organiseerders / aanbieders aanwys.

9. BORGE

Die bevoegdhede van, en skakeling met die borg(e), word deur die Bybelvasvrakomitee behartig volgens voorskrifte van die Rapportryerraad.

10. BYWONING VAN RONDTES

Lede van die Rapportryerbeweging woon rondtes by, of bied rondtes aan soos van tyd tot tyd deur die Bybelvasvrakomitee bepaal.

11. BEëINDIGING

Die Bybelvasvra word alleenlik beëindig kragtens ‘n besluit van die Rapportryerraad.

12. REGLEMENTWYSIGINGS

Hierdie reglement kan slegs deur die Rapportryerraad gewysig word, met dien verstande dat die Bybelvasvrakomitee bevoeg is om aanbevelings en voorstelle te doen.

----ooOoo----